*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 2022; 41(1):123
*South African Journal for Science and Technology* 2022; 41(1):123
https://doi.org/10.36303/SATNT.2022.41.1.946
Open Access article distributed under the terms of the
Creative Commons License [CC BY-NC 3.0]
http://creativecommons.org/licenses/by-nc/3.0

SATNT / SAJST
ISSN: 2222-4173 EISSN: 0254-3486
© 2022 The Author(s)
REFERAATOPSOMMING

# Aktuele afbakeningskriteria vir die klassifikasie van landelike nedersettings in Suid-Afrika

**H Hattingh, GS Cornelius, NS Jacobs**

*Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika*
***Korresponderende outeur:*** *Helena Hattingh* ***E-pos:*** *27204294@student.g.nwu.ac.za*

**Current demarcation criteria for the classification of rural settlements in South Africa:** This study endeavours to investigate current and historical demarcation criteria for rural settlements in order to identify contemporary and relevant demarcation criteria for the classification of rural settlements in South Africa. These demarcation criteria may, subsequently, provide a platform to elucidate a novel current rural typology for South Africa.

Ongeveer ʻn derde (33,14%) van die Suid-Afrikaanse bevolking bevind hulself tans in landelike nedersettings. Landelike nedersettings in Suid-Afrika is berug vir armoede en onderontwikkeling, wat die noodsaaklikheid van ʻn hernude fokus op die ontwikkeling van hierdie tipe nedersettings beklemtoon. ʻn Oorvloed uiteenlopende definisies van die term ʻlandelik' asook vae en teenstrydige afbakeningskriteria vir die klassifikasie van landelike nedersettings, skep verwarring onder akademici en praktisyns oor hoe om landelike nedersettings te verstaan en daarvoor te beplan. Die ontwikkeling van tipologieë en aktuele afbakeningskriteria vir die klassifikasie van landelike nedersettings is tans ʻn globale fokusarea vir owerhede en ʻn omvangryke besprekingspunt onder akademici.

Die identifisering van aktuele afbakeningskriteria en die ontwikkeling van ʻn spesifiek landelike tipologie is egter nie ʻn prioriteit in Suid-Afrika nie en is boonop gebrekkig en onvolledig. Verskillende regeringsdepartemente het elk individuele nedersettingstipologieë ontwikkel, wat slegs funksionaliteit vir die onderskeie departemente se unieke gebruik en toepassing bied. Daarbenewens het Suid-Afrika se unieke geskiedenis, en veral die nalatenskap van Apartheid, ook ʻn belangrike en rigtinggewende rol gespeel in die vorming van nedersettingspatrone en voorts die vorming van landelike nedersettings. As gevolg van die tradisionele aard van die groei en ontwikkeling daarvan, word voormalige tuislande vandag steeds as landelik geklassifiseer. Derhalwe is die onderskeid tussen landelike en stedelike nedersettings asook die klassifikasie daarvan geweldig kompleks in Suid-Afrika.

Die uiteenlopendheid en teenstrydigheid van die afbakeningskriteria wat tans in Suid-Afrika gebruik word om landelike nedersettings te klassifiseer, bied ook verdere uitdagings. Die afbakeningskriteria word telkens inkonsekwent deur die onderskeie regeringsdepartemente en ander organisasies toegepas en die klassifikasie van verskillende tipes landelike nedersettings verskil dus beduidend. Daar bestaan gevolglik ʻn behoefte aan gestandaardiseerde aktuele afbakeningskriteria ten einde ʻn funksionele landelike tipologie vir Suid-Afrika te ontwikkel. Voortspruitend hieruit, is die hoofdoel van hierdie studie om huidige en historiese afbakeningskriteria vir landelike nedersettings te ondersoek ten einde aktuele afbakeningskriteria vir die klassifikasie van landelike nedersettings in Suid-Afrika te identifiseer.

Hierdie studie maak gebruik van ʻn opeenvolgende verkennende gemengde navorsingsmetode wat kwalitatiewe data (vanuit die literatuurstudie) en kwantitatiewe data (vanuit die empiriese ondersoek) in die navorsingsproses integreer. Tydens die empiriese ondersoek is ʻn meervoudige gevallestudie-analise uitgevoer om die geïdentifiseerde huidige, meetbare afbakeningskriteria (soos vervat in ʻn teoretiese matriks vanuit die literatuurstudie) toe te pas op verskeie gevallestudiegebiede ten einde landelike heterogeniteit te ondersoek.

Bevindinge vanuit die gevallestudie-analise is gebruik om ʻn konseptipologie vir die afbakening van landelike nedersettings in Suid-Afrika te skep en te illustreer. ʻn Verdere uitkoms van die studie was om gestandaardiseerde aktuele afbakeningskriteria te identifiseer ten einde ʻn platform te bied om ʻn funksionele landelike tipologie vir Suid-Afrika te ontwikkel wat nie tot ʻn bloot landelik-stedelike onderskeid beperk is nie. Die geïdentifiseerde aktuele afbakeningskriteria kan ook die vertrekpunt vorm om ʻn nuwe aktuele landelike tipologie vir Suid-Afrika toe te lig.

**Nota:** ʻn Seleksie van referaatopsommings: Studentesimposium in die Natuurwetenskappe, 28–29 Oktober 2021, Noordwes-Universiteit. Reëlingskomitee: Prof Rudi Pretorius (Departement Geografie, Universiteit van Suid-Afrika); Dr Hertzog Bisset (Suid-Afrikaanse Kernenergie-korporasie); Prof Cornie van Sittert (Navorsingsfokusarea: Chemiese Hulpbronveredeling, Noordwes-Universiteit).